(b) Gelde vir voorbereiding vir verhoor waar verrigtinge na verhoor verwys word of mondelinge getuienis		[R804,00] R874,00	[R969,00] R1053,00	[R1260,00] R1369,00

ITEM	Tarief A R	Tarief B R	Tarief C R	Tarief D R
5 Konsultasies en skikkingsonderhandelinge – wanneer verdedig, per kwartier of deel daarvan		[R196,00] R213,00	[R246,00] R267,00	[R318,00] R345,50

ITEM	Tarief R
TAKSASIE VAN KOSTE	
In verband met 'n kosterekening vir dienste deur 'n prokureur gelewer, het die prokureur die reg om te hef:	
6. Vir opstel van die kosterekening, maak van die nodige afskrifte en bywoning van skikking, 11 persent van die prokureursgelde, hetsy soos in die rekening gehef, indien nie getakseer nie, of soos by taksasie toegestaan	
7. Benewens die gelde kragtens item 6 gehef, indien van taksasie gebruik gemaak word, vir reëling en bywoning van taksasie, en vir verkryging van toestemming vir taksasie, 11 persent op die eerste R10 000,00 of gedeelte daarvan, 6 persent op die volgende R10 000,00 of gedeelte daarvan en 3 persent op die balans van die totale bedrag van die rekening	
8. Bywoning by hersiening van taksasie, vir elke kwartier of deel daarvan in die hof terwyl hersiening werklik aangehoor word	[R196,00] R213,00
9. Kennisgewing van aansoek om hersiening van taksasie en betekening	-
10. Beëdigde verklaring, waar nodig	-

UITWINNING	
11. (a) Uitreiking van 'n uitwinningslasbrief, uitsettingslasbrief, en lasbrief vir lewering van besit	[R132,00] R143,50
(b) Vir elke heruitreiking daarvan	[R55,00] R59,50
12. Insluitend gelde vir werk gedoen in verband met vrystelling van inbeslaggenome onroerende eiendom	[R165,00] R179,00
13. Insluitend gelde vir werk gedoen in verband met uitwinningsverkoop van slegs onroerende goed (uitsluitend werk ten opsigte waarvan gelde reeds elders voor voorsiening gemaak word en die opstel van die verkoopsvoorwaardes)	[R418,00] R454,50
14. (a) Opstel van verkopingskennisgewing ingevolge reël 41(8) of reël 43(7)(b)(i), of verkoopsvoorwaardes ingevolge reël 43(8)(a)(i)	
(b) Vir alle ander werk gedoen en papiere en dokumente aan die balju van die landdroshof voorsien in verband met 'n uitwinningsverkoop van roerende goed, 'n allesinsluitende bedrag van	[R285,00] R310,00
15. Sekerheidstelling vir herstel, waar nodig	[R109,50] R119,00

WAAR 'N ADVOKAAT AANGESTEL IS	
16. Instruksies vir eksepsie of aansoek, waar toegelaat	
(a) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise nie die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie	[R196,00] R213,00
(b) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik	[R255,00] R277,50
17. Instruksies vir verhoor	
(a) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise nie die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie	[R251,00] R273,00
(b) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik	[R315,00] R343,00
18. Opstel van opdrag by eksepsie of aansoek, waar toegelaat	
19. Opstel van opdrag vir verhoor	
20. Bywoning van nodige konsultasie met advokaat, per kwartier of deel daarvan	
(a) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise nie die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie	[R82,00] R89,00
(b) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik	[R103,00] R112,00

GELDE VIR ADVOKATE	
21. Met opdrag om eksepsie of aansoek te betoog	[R964,00] R1048,00
Let wel:	
22. Met verhooropdrag vir die eerste dag, hoogstens	[R2736,00] R2973,50
23. In enige hof meer as 30 km van die naaste dorp waar 'n provinsiale of plaaslike afdeling (behalwe 'n rondgaande hof) van die Hooggeregshof gesetel is, gehou, 'n reistoelae (benewens die opdraggeld) wat by spesiale bevel deur die hof toegelaat kan word, teen	[R6,50] R7,50 per km
24. Elke nodige konsultasie, per kwartier	[R196,00] R213,00
25. Vir elke dag meer as een waarop getuienis aangehoor of betooghoofde aangehoor word, 'n verfrisser van hoogstens	[R1644,00] R1786,50
26. Opstel van pleitstukke	[R441,00] R479,00

GELDE VIR ADVOKATE	

Notas:
(a) Omtrent items 22 en 25, 'n bedrag in plek van die bedrag vir die eerste dag se verhoor, word soos volg toegelaat wanneer die saak op of voor die verhoordatum deur enige party geskik of teruggetrek word:
(i) hoogstens twee dae voor die verhoordatum: Die gelde andersins toelaatbaar by taksasie vir die eerste dag se verhoor;
(ii) minstens drie dae en hoogstens sewe dae voor die verhoordatum: Twee derdes van die gelde kragtens (i); en
(iii) minstens agt dae en hoogstens 21 dae voor die verhoordatum: Helfte van die geld kragtens (i).
(b) Die hof kan op versoek hoër gelde vir 'n advokaat ten opsigte van items 22, 24, 25 en 26 toeken.
(c) 'n Bedrag vir reistyd deur advokaat word toegelaat teen dieselfde tarief as vir prokureurs kragtens reël 33(9).

DIVERSE	
27. Verkry gesertifiseerde afskrif van vonnis	[R99,00] R107,50
28. Verkry betaling ingevolge reël 18(4)	[R69,00] R75,00
29. Versoek vir sekerheidstelling ingevolge reël 62(1)	-
30. Voorsien sekerheidstelling ingevolge reël 62(1)	-

**TABEL B
KOSTE
DEEL I**

**ALGEMENE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN VERRIGTINGE INGEVOLGE ARTIKELS
65 EN 65a TOT 65M VAN DIE WET**

- Behoudens die bepalinge van paragraaf 3, word geen gelde behalwe dié in die Tarief by hierdie Deel toegelaat nie.
- Behoudens die bepalinge van artikel 65K van die Wet, is die gelde uiteengesit in items (a), (b) of (c) van die Tarief by hierdie Deel, na gelang van die geval, betaalbaar vir die opstel van die kennisgewing in artikel 65A(1) bedoel, met inbegrip van verskyning by die ondersoek na die vonnisskuldenaar se finansiële posisie in artikel 65D bedoel, of enige verskyning by daaropvolgende opskortings-, wysigings- of opheffingsverrigtinge, en kan, met uitsondering van die gelde kragtens item (m) van die tarief toegelaat, slegs een keer gehef word vir die opstel, uitreiking en alle heruitreikings van die kennisgewing en alle uitstelle van die ondersoek, ongeag die getal dae waarop die verrigtinge in die hof aangehoor word. Met dien verstande dat waar die skuldenaar die regsgebied van die hof verlaat nadat die kennisgewing in artikel 65A(1) bedoel, uitgereik is en die kennisgewing in

enige ander distrik heruitgereik word, kan die voormelde gelde ook in die ander distrik gehef word indien die hof dit gelas.

3. Die volgende word toegelaat benewens die gelde in die Tarief tot hierdie Deel uiteengesit:

(a) Alle nodige uitbetalings in verband met die verrigtinge aangegaan.
 (b) 'n Bedrag van 10% op elke paalement ter delging van die kapitaal en koste van die aksie, onderworpe aan 'n maksimum bedrag van **[R499,00]** R543,00 op elke paalement. Waar die bedrag in paalemente betaalbaar is, is die insamelingsgelde slegs verhaalbaar by betaling van elke paalement. Sodanige gelde is ter vervanging van en nie bykomstig tot die insamelingsgelde in paragraaf 13 van Deel 1 van Tabel A voorgeskryf nie.

(c) Alle nodige uitbetalings gedoen in verband met enige vorige vrugtelose verrigtinge kragtens artikel 72, as die hof aldus beveel het.

(d) Enige bedrag noodsaaklikerwys en werklik uitbetaal in die opspoor van die vonnis-skuldenaar, waar die kapitaalbedrag van die skuld nie minder was nie as **[R546,00]** R593,50 toe die opsporingsagent in diens geneem is. Die totale bedrag wat werk elke opsporing toegeken word mag nie meer as **[R417,00]** R453,50 wees nie.

4. Vir die doeleindes van die Tarief tot hierdie Deel, is die bedrag van die eis, behoudens die bepalings van paragraaf 3(d), die totaal van die kapitaalbedrag en koste uitstaande op die datum van die eerste instelling van verrigtinge kragtens artikel 65A(1) van die Wet.

5. Items 1 tot 5 van Deel IV van Tabel A van Aanhangel 2 is van toepassing ingevolge artikel 65J van die Wet.

TARIEF	R
(a) Waar die eis nie meer as die bedrag van R1 000,00 is nie	[R276,00] R299,50
(b) Waar die eis meer is as R1 000,00, maar nie meer as R2 000,00 is nie	[R417,00] R453,50
(c) Waar die eis meer as R2 000,00 is	[R492,00] R535,00
(d) Lasbrief vir arres (Vorm 40A)	[R109,00] R118,50
(e) (i) Besoldigingsbeslagbevel (Vorm 38)	[R218,00] R237,00
(ii) Heruitreiking (Sertifikate ingesluit)	[R175,00] R190,50
(f) Aansoek om koste by kennisgewing (met inbegrip van verskyning voor hof)	[R109,00] R118,50
(g) Verkryging van gesertifiseerde afskrif van 'n vonnis	[R109,00] R118,50
(h) Beëdigde verklaring of sertifikaat deur die vonnis-skuldeiser of sy of haar prokureur	[R77,00] R84,00
(i) Vir elke geregistreerde brief aangestuur aan die skuldenaar ingevolge artikels 65A(2), 65E(6) of 65J(2) van die Wet deur die krediteur of sy of haar prokureur	[R50,00] R54,00
(j) Beëdigde verklaring of bevestiging deur skuldenaar Reël 45(7)	[R131,00] R142,00
(k) Versoek om 'n bevel kragtens artikel 65 van die Wet	[R77,00] R84,00
(l) Bywoning van uitgestelde verrigtinge ingevolge artikel 65E(3) van die Wet of	[R109,00]

bywoning van verrigtinge by die of in navolging van die inhegtenisneming van 'n vonnis skuldenaar, direkteur of beampte in navolging van 'n kennisgewing in 65A(8)(b) bedoel	R118,50
--	---------

(m) Dagvaarding:	
(i) Opstel van dagvaarding, per folio	[R31,00] R34,00
(ii) Elke nodige bywoning, per bywoning	[R21,00] R23,50
(n) (i) Korrespondensie: Vir elke nodige brief [of telegram] geskryf of ontvang, met inbegrip van afskrif om te hou, met dien verstande dat gelde vir bestudering nie toegestaan sal word saam met die gelde hierin voor voorsiening gemaak nie, per folio	[R31,00] R34,00
(ii) Bywonings: Vir elke nodige bywoning nie andersins voor voorsiening gemaak nie, per bywoning	[R31,00] R34,00
☐ (iii) Nodige formele telefoonoproepe, per oproep	[R31,00] R34,00

DEEL II

ALGEMENE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN VERRIGTINGE INGEVOLGE ARTIKEL 72 VAN DIE WET

- Behoudens die bepalings van paragrawe 2 en 3, word geen gelde behalwe dié in die Tarief by hierdie Deel uiteengesit, toegelaat nie.
- Paragraaf 3(a), (b) en (d) van die algemene bepalings kragtens Deel 1 van hierdie Tabel is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie Deel.
- Alle nodige uitbetalings aangegaan in verband met enige vorige onsuksesvolle verrigtinge kragtens artikel 65, moet toegelaat word indien die hof aldus gelas het.
- Vir die doeleindes van die Tarief van hierdie Deel, is die bedrag van die eis, onderworpe aan die bepalings van paragraaf 3(d) van die algemene bepalings kragtens Deel 1 van hierdie Tabel, die totaal van die kapitaalbedrag uitstaande op die datum van die eerste instelling van verrigtinge ingevolge artikel 72 van die Wet.

TARIEF	
	R
(a) Waar die eis nie meer as R200.00 is nie	[R165,00] R179,00
(b) Waar die eis meer as R200.00 is	[R352,00] R382,00
(c) Verkryging van 'n gesertifiseerde afskrif van 'n vonnis	[R99,00] R107,50
(d) Aansoek om 'n uitwinningsbevel teen die beslagskuldenaar	[R99,00] R107,50
(e) Loonbeslagorder (Vorm 39)	[R131,00] R142,00

DEEL III
ALGEMENE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN VERRIGTINGE INGEVOLGE ARTIKEL 74
VAN DIE WET

1. Die volgende gelde word toegestaan benewens die gelde uiteengesit in die Tarief by hierdie Deel:

- (a) Alle nodige uitbetalings in verband met die verrigtinge aangegaan.
- (b) Benewens die gelde hieronder gestel, is die administrateur geregtig op 'n bedrag van 10% op elke paalement ingesamel vir die kapitaal en koste, welke bedrag ingesluit is in die 12.5% ingevolge artikel 74L(2) van die Wet.
- 2 By die toepassing van items 4 en 5 van die Tarief tot hierdie Deel, bestaan 'n folio uit 100 geskrewe of gedrukte woorde of syfers en vier syfers word as een word beskou.

TARIEF			
Item	Een tot tien krediteure	Elf tot twintig krediteure	Een-en- twintig of meer krediteure
	R	R	R
1. Instruksies om 'n administrasiebevel aansoek te doen, met inbegrip van die nodige deurlesing van dagvaardings, eise, ens., en vasstelling van die bedrag van bates en laste, met inbegrip van alle bywonings en korrespondensie wat in verband daarmee nodig is.	[R196,00] R213,00	[R275,00] R298,50	[R439,00] R477,00
2. Instruksies by aansoek kragtens artikel 74Q(1) of om daardie aansoek of die toestaan van administrasiebevel, teen te staan.	[R156,00] R170,00	[R156,00] R170,00	[R156,00] R170,00
3. Opstel van aansoek om administrasiebevel of hersiening daarvan en beëdigde verklaring, met inbegrip van alle aanhangsels daarby en alle bywonings, bywoning in die hof uitgesluit.	[R274,00] R297,00	[R274,00] R297,00	[R274,00] R297,00
4. Maak van afskrifte van aansoek, beëdigde verklaring en aanhangsels vir krediteure, per bladsy	[R5,00] R6,00	[R5,00] R6,00	[R5,00] R6,00
5. Noukeurige deurlesing van aansoek en ander dokumente beteken, indien enige, per folio. Let wel: Die gelde onder hierdie item word slegs deur die prokureur of 'n teenparty geëis.	[R12,00] R13,50	[R12,00] R13,50	[R12,00] R13,50
6. Bywoning van hof:			
(a) By uitstel of tersydestelling, indien nie deur die prokureur of sy of haar kliënt veroorsaak nie;	[R74,00] R80,50	[R74,00] R80,50	[R74,00] R80,50
(b) By enige ander verhoor	[R156,00] R170,00	[R295,00] R320,00	[R295,00] R320,00
7. Vir voorsiening aan 'n krediteur deur die administrateur van die inligting in artikel 74M(a) van die Wet bedoel, per aansoek	[R21,00] R23,50	[R21,00] R23,50	[R21,00] R23,50
8. Vir voorsiening van 'n afskrif van die skuldenaar se vermoëstaat bedoel in artikel 74 en 74A(1) van die Wet deur die administrateur ingevolge artikel 74M(b) of van 'n lys of rekening bedoel in artikel 74G(1) of 74J van die Wet of die skuldenaar se vermoëstaat bedoel	[R5,00] R6,00	[R5,00] R6,00	[R5,00] R6,00

in artikel 65(2) van die Wet, per folio.			
9. Korrespondensie en bywonings	[R32,00] R35,00	[R32,00] R35,00	[R32,00] R35,00"

(b) deur Deel II van Tabel C deur die volgende Deel te vervang:

"DEEL II

BALJU'S WAT NIE STAATSAMPTENARE IS NIE

1A. Vir registrasie van enige dokument vir betekening of uitwinning by ontvangs daarvan: ~~[R12,00]~~ R13,00.

1B. (a) By die betekening van 'n dagvaarding, subpoena, kennisgewing, bevel of ander dokument wat nie in item 2 genoem word nie, die reis na en van die plek van betekening van enige van die bogenoemde dokumente—

(i) binne 'n afstand van 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarin die balju aangestel is: ~~[R48,00]~~ R52,00;

(ii) binne 'n afstand van 12 kilometer, maar verder as 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: ~~[R57,50]~~ R62,00;

(iii) binne 'n afstand van 20 kilometer, maar verder as 12 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: ~~[R77,00]~~ R84,00;

(b) Vir die poging om die dokumente in paragraaf (a) genoem, te beteken, die reis na en van die plek van gepoogde betekening van enige van die bogenoemde dokumente

(i) binne 'n afstand van 6 kilometer vanaf die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: ~~[R41,50]~~ R45,00;

(ii) binne 'n afstand van 12 kilometer maar verder as 6 kilometer vanaf die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: ~~[R48,00]~~ R52,00;

(iii) binne 'n afstand van 20 kilometer maar verder as 12 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: ~~[R69,00]~~ R75,50;

(c) (i) Waar 'n dokument beteken moet word saam met 'n prosesstuk van die hof en in die prosesstuk of 'n aanhangsel daarby vermeld word, word geen bykomende gelde gehef vir betekening van die dokument nie, andersins kan ~~[R12,00]~~ R13,00 gehef word vir elke aparte dokument wat beteken word.

(ii) Geen gelde word vir 'n aparte dokument gehef wanneer prosesstukke in strafregtelike aangeleenthede beteken word nie.

(iii) Die betekening van 'n kennisgewing in reël 54(1) bedoel, gelyktydig met die dagvaarding, word nie as 'n aparte betekening beskou nie.

(iv) Waar 'n lasgewer die balju skriftelik opdrag gee om 'n dokument in item 1B(a) of (2)(a) dringend te beteken of uit te win, hef die balju bykomende gelde van ~~[R256,00]~~ R279,50 vir sodanige betekening, ongeag hetsy die betekening of uitwinning suksesvol was, welke bykomende gelde deur die opdraggewer betaal word, tensy die hof anders gelas.

(v) By die toepassing van subparagraaf (iv) beteken—

(aa) 'dringend' op dieselfde dag of binne 24 uur sedert die skriftelike opdrag; en

(bb) 'na-ure' enige tyd -

(aaa) voor 7h00 of na 19h00 op Maandae tot Vrydae; of

(bbb) op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag.

2. (a) By die uitvoering van 'n lasbrief (wat nie teen onroerende goed is nie), interdik, loonbeslagorder of besoldigingsbeslagbevel, die reis na en van die plek van tenuitvoerlegging van die bogenoemde dokumente—

(i) binne 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: ~~[R69,00]~~ R75,50;

(ii) binne 12 kilometer, maar verder as 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: **[R77,00]** R84,00;

(iii) binne 20 kilometer, maar verder as 12 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: **[R96,00]** R105,00;

(b) Vir die gepoogde tenuitvoerlegging van die dokumente in paragraaf (a) bedoel, die reis na en van die plek van gepoogde betekening van die bogenoemde dokumente-

(i) binne 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: **[R57,50]** R62,00;

(ii) binne 12 kilometer, maar verder as 6 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: **[R69,00]** R75,50;

(iii) binne 20 kilometer, maar verder as 12 kilometer van die hofgebou van die distrik waarvoor die balju aangestel is: **[R86,00]** R94,00;

(c)(i) Vir die uitsetting van 'n verweerder van die perseel in die uitsettingslasbrief bedoel: **[R41,00]** R45,00;

(ii) Verdere gelde van **[R27,00]** R29,50 word na tenuitvoerlegging betaal vir elke persoon benewens die persoon genoem of na verwys in die uitsettingsprosesstuk, in werklikheid van 'n aparte perseel uitgeset. Met dien verstande dat waar betekening aan enige persoon behalwe die vonnisskuldenaar nodig is ten einde die tenuitvoerlegging te voltooi, kan die gelde in item 1B(a) vasgestel, ten opsigte van elke sodanige betekening gehef word.

(d) vir die tenuitvoerlegging van enige lasbrief teen onroerende goed -

(i) vir uitwinning, met inbegrip van betekening van kennisgewing van beslaglegging aan die eienaar van die onroerende goed en aan die akteregestrateur of ander kantoor belas met die registrasie van sodanige eiendom, en indien die eiendom deur iemand anders as die eienaar geokkupeer word, ook aan daardie okkupant: **[R227,00]** R247,50;

(ii) vir kennisgewing van beslaglegging aan 'n enkele huurder of okkupant: **[R21,00]** R22,50;

(iii) identiese kennisgewings waar daar verskeie huurders, okkupante of eienaars is, vir elkeen na die eerste: **[R7,50]** R8,50;

(iv) vir 'n waardasieverslag vir verkoopdoeleindes, per halfuur of deel daarvan: **[R57,50]** R60,00;

(v) wanneer 'n balju gemagtig is om eiendom te verkoop en die eiendom word nie verkoop nie omdat die beslaglegging ingetrek of opgeskort is, al die nodige kennisgewing vir die intrekking of opskorting van die beslaglegging: **[R227,00]** R247,50; Opheffing van regterlike beslaglegging op onroerende goed: **[R227,00]** R247,50;

(vi) vir seker maak en aanteken watter lenings of ander beswarings teen die eiendom geregistreer is, saam met die name en adresse van die persone in wie se guns daardie lenings en beswarings aldus geregistreer is, met inbegrip van enige korrespondensie daarby (saam met redelike uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan is): **[R114,00]** R124,50;

(vii) vir kennis aan die vonnisskuldeiser van daardie lenings of ander beswarings en van die name en adresse van die persone in wie se guns daardie lenings of ander beswarings geregistreer is: **[R19,00]** R21,00;

(viii) vir oorweging van bewys dat 'n voorkeurskuldeiser aan die vereistes van reël 43(5)(a) voldoen het: **[R12,00]** R13,50;

(ix) vir kennisgewing bedoel in reël 43(6): **[R21,00]** R22,50;

(x) vir oorweging van verkopingskennisgewing deur die vonnisskuldeiser voorberei in oorleg met die balju; en

vir verifiëring dat die verkopingskennisgewing in die aangewese koerante en in die *Staatiskoerant* gepubliseer is, insluitend gelde vir daardie oorweging en verifiëring: **[R114,00]** R124,50;

(xi) vir die aanstuur van 'n afskrif van die verkopingskennisgewing aan elke vonnisskuldeiser wat die onroerende goed in beslag laat neem het en aan elke verbandhouer daarvan wie se adres bekend is, vir elke afskrif: **[R21,00]** R22,50;

(xii) vir die aanheg van 'n afskrif van die verkopingskennisgewing aan die kennisgewingsbord van die landdroshof bedoel in reël 43(7)(e) en by of so naby moontlik aan die plek waar die verkoping werklik gaan plaasvind, 'n inklusiewe bedrag van **[R49,00]** R53,50 en reiskoste soos in item 4(a) bedoel;

(xiii) vir oorweging van die verkoopsvoorwaardes deur die vonnisskuldeiser voorberei; vir verdere oorweging of gewysigde verkoopsvoorwaardes deur belangstellende party ingedien: **[R114,00]** R124,50 vir elke bywoning;

(xiv) vir alle nodige bywonings voorgeskryf by enige wetsbepalings wat met veilings verband hou, in die besonder die 'Consumer Protection Act', 2008 (Wet No. 68 van 2008): **[R343,00]** R374,00;

(xv) vir die hou van 'n veiling, behalwe dat hierdie gelde nie gehef kan word nie indien kommissie ingevolge items 2(d)(xvi) en (xvii) geëis word nie: **[R227,00]** R247,50;

(xvi) by die verkoop van onroerende goed deur die balju as afslaer, 6 persent op die eerste R100 000,00, 3,5 persent op R100 001,00 tot R400 000,00 en 1,5 persent op die saldo van die opbrengs van die verkoping, behoudens 'n maksimum kommissie van R40 000,00, in totaal, en 'n minimum van R3 000,00 (insluitend alle gevalle van die balju se bankkoste en ander uitgawes aangegaan in die betaling van die opbrengs in sy of haar trustrekening), welke kommissie deur die koper betaal sal word;

(xvii) indien 'n afslaer gebruik word soos in reël 43(10) voor voorsiening gemaak, 3 persent op die eerste R100 000,00, 2 persent op R100 001,00 tot R400 000,00 en 1 persent op die balans daarvan, behoudens 'n maksimum kommissie van R22 850,00, in totaal, en 'n minimum van R3 000,00 (insluitend alle gevalle van die balju se bankkoste en ander uitgawes aangegaan in die betaal van die opbrengs in sy of haar trustrekening), welke kommissie deur die koper betaal sal word;

(xviii) vir skriftelike kennisgewing aan die koper wat versuim het om aan die verkoopsvoorwaardes te voldoen: **[R57,50]** R62,00;

(xix) vir enige verslag in reël 43(11) bedoel: **[R57,50]** R62,00;

(xx) vir verwittiging van vonnisskuldenaar van die kansellasië in reël 43(11)(a)(iii): **[R57,50]** R62,00;

(xxi) vir gee van kennis bedoel in reël 43(11)(c): **[R21,00]** R22,50;

(xxii) vir gee van oordrag aan die koper **[R27,00]** R29,50;

(xxiii) vir ontvangs van sertifikaat bedoel in reël 43(14)(a): **[R21,00]** R22,50;

(xxiv) vir voorbereiding van 'n plan vir die verspreiding van die opbrengs (met inbegrip van nodige afskrifte) en vir die aanstuur van 'n afskrif aan die registrateur: **[R114,00]** R124,50;

(xxv) vir kennisgewing aan alle partye wat lasbriewe ingedien het en aan die vonnisskuldenaar dat die distribusieplan ter insae sal lê, vir elke kennisgewing: **[R21,00]** R22,50;

(xxvi) vir die verslag in reël 43A(9)(d) bedoel: **[R57,50]** R62,00.

3. Opstel van enige opgawe ingevolge reël 8, in duplikaat: **[R19,50]** R22,00.

4. (a) Die balju word, benewens die gelde in items 1B(a), 1B(b), 2(a) en 2(b), bedoel, maar onderworpe aan item 4(b) en (c), 'n reistoelaag gegee van **[R6,00]** R7,50 per kilometer, of deel daarvan, vir die kortste moontlike heen- en terugreis van die kantoor van die balju na die plek van betekening of tenuitvoerlegging en terug.

(b) Die reistoelaag in items 4(a), 5(a) en 5(c)(i) genoem, word bereken op die afstand gereken van die kantoor van die balju af indien-

(i) die balju se kantoor binne die regsgebied deur die Minister aan die balju toegewys, geleë is; en

(ii) die afstand van die balju se kantoor minder is as die afstand bereken van die hofgebou naaste aan die adres vir betekening.

(c) Indien nie aan die vereiste in item 4(b) voldoen word nie, word die reistoelaag genoem in items 4(a), 5(a) en 5(c)(i) bereken op die afstand gereken van die hofgebou naaste aan die adres vir betekening.

5. (a) Ten opsigte van die verrigting van enige ander amptelike plig as dié in items 1 en 2 vermeld, maar onderworpe aan item 4(b) en (c), is 'n reistoelae van **[R6,00]** R7,50 per kilometer vir elke kilometer, of deel daarvan, aan die balju betaalbaar vir die heen- en terugreis.

(b) 'n Reistoelaag sluit die uitgawes aangegaan om te reis, in, met inbegrip van treinkaartjies.

(c) 'n Reistoelaag word bereken ten opsigte van elke onderskeie betekening, behalwe dat –

(i) waar meer as een betekening in die loop van dieselfde reis gedoen kan word, kan die afstand van die balju se kantoor na die eerste plek van betekening slegs een keer in berekening geneem word, en word gelyk toegeken aan die onderskeie betekening, en die afstand vanaf die eerste plek van betekening na die oorblywende plekke van betekening word insgelyks gelyk toegeken aan die oorblywende betekening; en

(ii) waar betekening van dieselfde prosesstuk deur 'n balju aan meer as een persoon by dieselfde adres van betekening gedoen moet word, word slegs een heffing vir reis toegelaat.

(d) Wanneer die balju enigiemand onder arrest moet vervoer, word 'n toelaag van **[R6,00]** R7,50 per kilometer ten opsigte van daardie deel van sy of haar reis waarop hy of sy noodsaaklikerwys deur daardie persoon vergesel is, toegelaat.

6. (a) Maak van 'n inventaris, met inbegrip van die maak van alle nodige afdrukke en tyd op voorraadopname spandeer: **[R41,00]** R45,00.

(b) Vir bystand, indien nodig, met die maak van 'n inventaris, **[R41,00]** R45,00 per halfuur of deel daarvan.

7. Die bestudering, opstel en invul van 'n borgakte, 'n borgstellingsakte of skadeloosstellingsakte: **[R12,00]** R13,50.

8. Beheer of bewaring van eiendom (geld uitgesluit):

(a) (i) Vir elke beampte noodsaaklikerwys in besit gelaat, 'n redelike allesinsluitende bedrag van hoogstens **[R142,00]** R155,00 per dag.

(ii) Reistoelaes, om losies elke keer in te sluit.

(b) Indien op lewende hawe beslag gelê word, word slegs die noodsaaklike uitgawes om die lewende hawe op te pas en te preserveer, toegelaat.

(c) Indien die goedere verwyder en gestoor word, word slegs die koste van verwydering en stoor toegelaat.

9. (a) '**besit**' beteken werklike fisieke besit deur 'n persoon in diens van en betaal deur die balju, wie se enigste werk vir die tyd en wyl is om op die perseel te bly waar die goedere op beslag gelê gelê is, en wat, in werklikheid, in besit bly vir die tydperk waarvoor besit gehou word.

(b) '**koste van verwydering**' beteken die bedrag werklik en noodsaaklikerwys uitbetaal vir verwydering of gepoogde verwydering as die goedere deur 'n derde party verwyder is of 'n poging aangewend is om hulle te verwyder, indien dit deur die balju self verwyder is, sodanige bedrag wat billik toelaatbaar sal wees in die gewone loop van sake indien die goedere deur 'n derde party verwyder is, of 'n poging aangewend is om dit aldus te verwyder.

(c) **'koste van berging'** die bedrag werklik en noodsaaklikerwys betaal vir berging indien die goedere deur 'n derde persoon geberg is of, indien die balju die berging voorsien het, sodanige bedrag wat billik toelaatbaar sal wees in die gewone loop van sake indien die goedere by 'n derde persoon geberg is.

10. (a) (i) Waar 'n beslagleggingsorder ten volle, of gedeeltelik, aan die balju betaal word, 9 persent op die bedrag aldus betaal, met minimum gelde van **[R76,50]** R83,50 en 'n maksimum van **[R752,50]** R820,50.

(ii) Vir die tenuitvoerlegging van enige lasbrief teen roerende goed—

(aa) wanneer 'n lasbrief ten volle of gedeeltelik betaal word by voorlegging aan die balju, 9 persent op die aldus betaalde bedrag met minimum gelde van **[R76,50]** R83,50, en 'n maksimum van **[R752,50]** R820,50;

(bb) wanneer 'n lasbrief ten volle of gedeeltelik aan die balju betaal word ná beslaglegging of voor verkoping, 9 persent op die aldus betaalde bedrag met minimum gelde van **[R76,50]** R83,50 en 'n maksimum van **[R752,50]** R820,50; of

(cc) wanneer gelde in uitwinning geneem word, 9 persent van die aldus betaalde bedrag, maar onderworpe aan 'n maksimum van **[R752,50]** R820,50.

(b) Kennisgewing van beslaglegging aan die verweerder en aan elke persoon wat in kennis gestel moet word: **[R12,00]** R13,50

11. (a) Waar eiendom van beslaglegging vrygestel word ingevolge reël 41(18)(a), of die uitwinningslasbrief word ingetrek of opgeskort, of die vonnisskuldenaar se boedel word na die beslaglegging gesekwestreer, maar voor die verkoping, 2.3 persent van die waarde van die goedere waarop beslag gelê is, behoudens 'n maksimum van **[R227,00]** R247,50: Met dien verstande dat indien 'n verkoping daarna plaasvind na aanleiding van die voormelde beslaglegging, word die aldus betaalde bedrag afgetrek van die kommissie kragtens item 12 betaalbaar.

(b) Kommissie in item 11(a) bedoel is nie hefbaar teen 'n vonnisskuldenaar op die waarde van roerende goed waarop beslag gelê is en wat daarna vrygestel is in navolging van 'n eis deur 'n derde party nie, tensy ondanks 'n eis deur 'n derde party, die verwydering van sodanige goed volgens uitdruklike, skriftelike opdrag van die vonnisskuldeiser gedoen word, in welke geval die vonnisskuldeiser aan die balju aanspreeklik sal wees vir kommissie teen 'n koers van 2.3% van die waarde van die goedere en koste.

12. Waar die uitwinningslasbrief teen roerende goed by verkoping afgehandel word, 9 persent van die eerste R15 000.00 of deel daarvan, en daarna 6 persent, met 'n maksimum van **[R10018,50]** R10 923,50.

13. Vir die versekering van eiendom waarop beslag gelê is, en by skriftelike opdrag van die vonnisskuldeiser aan die balju, benewens die premie wat betaal moet word, 'n allesinsluitende bedrag van **[R41,00]** R45,00.

14....

15. Wanneer vir uitwinning op onroerende goed beslag gelê word en die beslaglegging verstryk, soos in artikel 66(4) van die Wet bedoel: **[R69,00]** R75,50.

16.

17. Benewens die gelde deur items 10 tot 13 toegelaat, beide ingesluit, word toegeken -

(a) die bedrag werklik en redelik deur die balju of die afslaer betaal vir die druk, adverteer en gee van publisiteit aan enige verkoping of voorgenome verkoping in uitwinning.

18. Waar die balju kragtens meer as een uitwinningslasbrief in besit is, kan hy of sy gelde vra vir slegs een besit, en sodanige besit word, sover moontlik, gelyk toegedeel aan die verskillende lasbriewe in dieselfde tydperk uitgereik: Met dien verstande dat elke uitwinningskuldeiser gesamentlik en apart aanspreeklik is vir sodanige besit tot 'n bedrag

van nie meer nie as wat kragtens sy of haar uitwinning betaalbaar sou wees indien dit alleen gestaan het.

19. Gelde betaalbaar op die waarde van die goedere waarop beslag gelê is of op die opbrengs van die verkoping van goedere in uitwinning is nie hefbaar op sodanige waarde of opbrengs vir sover dit die bedrag van die lasbrief oorskry.

20. Die gelde en uitgawes van die balju in uitwinning van 'n beslagleggingsorder word bygevoeg by die bedrag wat kragtens die order verhaal staan te word, en is hefbaar teen die vonnisskuldenaar.

21. Indien dit vir die balju nodig is om 'n dokument wat deur hom of haar ontvang is vir betekening of uitwinning na die opdraggewer terug te stuur omdat—

(a) die adres van betekening wat op die prosesstuk verskyn nie in sy of haar regsgebied is nie; of

(b) die opdraggewer versoek het, voor 'n gepoogde betekening of tenuitvoerlegging van die prosesstuk, dat dit aan hom of haar terugbesorg word,

is 'n bedrag van **[R12,00]** R13,50 betaalbaar.

22. Vir die vervoer van enige persoon deur die balju in hegtenis geneem of in sy of haar bewaring geplaas van die plek van bewaring aan die hof op 'n dag wat volg op die dag van inhegtenisname: **[R41,00]** R45,00 per reis en **[R77,00]** R84,00, of deel daarvan, vir bywoning van die hof.

23. Vir die bestudering van 'n aangeduide koerant waarin die verkopingskennisgewing gepubliseer is, soos bedoel in reël 41(19)(c): **[R12,00]** R13,50.

24. ...

25. Vir die aanheg van 'n afskrif van die verkopingskennisgewing op die kennisgewingbord of deur van die hofgebou of ander openbare gebou en by of so naby as moontlik aan die plek waar die genoemde verkoping werklik gaan plaasvind bedoel in reël 41(19)(b): **[R28,00]** R30,50 en reiskoste, in item 5(a) bedoel.

26. Vir tussenpleitstukke in Landdroshofreël 44 bedoel: **[R209,00]** R228,00.

27. Benewens die gelde in hierdie Tabel voorgeskryf, is die balju geregtig op die bedrag werklik uitbetaal vir posgeld en telefoonoproepe.

28. Vir die skryf van elke nodige brief, faks of e-pos, met uitsondering van formele briewe wat prosesstukke of relase vergesel: **[R21,00]** R22,50.

29. Elke nodige bywoning per telefoon: **[R20,00]** R21,50.

30. Stuur en ontvangs van elke nodige faks of e-pos per bladsy (benewens telefoonkoste): **[R7,50]** R8,50.

31.

32. Vir die maak van alle nodige afskrifte van dokumente: **[R5,50]** R6,50, per A4-grootte bladsy.

33. (a) 'n Versoek aan 'n balju om 'n rekening te takseer of word skriftelik gedoen binne 20 dae ná die rekening waarvan die gelde in geskil is, gelewer is.

(b) Vir die opstel van die rekening vir taksasie en bywoning van die taksasie deur die balju: **[R77,00]** R84,00.

34. Bankkoste: Werklike koste aangegaan in verband met bankkoste **[en tjekvorms]**.

35. (a) Opstel van kennisgewing aan die vonnisskuldenaar ingevolge artikel 65A(8)(b) van die Wet: **[R21,00]** R22,50.

(b) Betekening van die kennisgewing in paragraaf (a) bedoel: Tarief soos in item 1B(a) voorgeskryf.

(c) Gepoogde betekening van die kennisgewing in paragraaf (a) bedoel: Tarief soos in item 1B(b) bedoel.

(d) Die tarief, soos in item 4 voorgeskryf, is op paragraawe (b) en (c) van toepassing.

36. (a) Vir die inhegtenisname of gepoogde inhegtenisname van 'n vonnisskuldenaar ingevolge artikel 65A(6) van die Wet:

- (i) Die tarief soos in item 2(a) of item 2(b), na gelang van die geval, voorgeskryf.
- (ii) Die tarief, soos in item 4 voorgeskryf, is op hierdie item van toepassing.

(b) Vir die oorhandiging van die vonnisskuldenaar aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens, gevangenevriend of hofklerk of ander wettige plek van aanhouding:

- (i) Die tarief, soos in item 2(a) voorgeskryf.
- (ii) Reiskoste van plek van arres na plek van oorhandiging aan die tersaaklike owerheid, in paragraaf (b) bedoel, per kilometer of deel daarvan: **[R6,00]** R7,50.
- (iii) Wagtyd rakende oorhandiging van die vonnisskuldenaar aan die tersaaklike owerheid, in paragraaf (b) bedoel: **[R41,00]** R45,00, per halfuur of deel daarvan, met 'n maksimum van **[R151,00]** R164,50."

Inwerkingtreding

5. Hierdie Reëls tree in werking op **19 Junie 2023**.

AANHANGSEL

"No. 24 - Dagvaarding

*Vir gebruik in die Streekhof

In die Streekhof vir die Streekafdeling van
 gehou te Saakno. van 20.....
 In die aangleentheid tussen Eiser
 en
 Verweerder

Aan: die balju of adjunkbalju:

LIG DIE VOLGENDE IN:

- (1) van
 (2) van
 (3) van
 (4) van

dat elkeen van hulle hierby vereis word om in persoon voor hierdie hof te verskyn by hofnommer..... op die dag van, 20....., om (tyd) in die bogenoemde aksie om getuienis te gee of om boeke, papiere of dokumente oor te lê namens die (Waar vereis word dat dokumente oorgelê word, voeg by:) en om die **[verskeie boeke, papiere of dokumente]** aktes, dokumente, boeke, geskrifte, band-, elektroniese, digitale of ander vorm van opnames (hierna "dokumente" genoem) of goed in die lys hieronder gespesifiseer saam met elkeen van hulle te bring en dan aan die hof oor te lê.

Betaling van die getuiegelde vir getuies soos bepaal en toegelaat kragtens artikel 51*bis* van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), soos gewysig, word hierby deur die Eiser/Verweerder aangebied.

(a) Indien enige persoon wat behoorlik gedagvaar is om getuienis te lewer of om enige boeke, papiere of dokumente in sy of haar besit of onder sy of haar beheer oor te lê wat die party wat die getuie(s) se teenwoordigheid verlang in getuienis wil wys, sonder wettige verskoning, versuim om teenwoordig te wees of om getuienis te lewer of om daar die boeke, papiere of dokumente ooreenkomstig die dagvaarding oor te lê of, tensy behoorlik verskoon, versuim om deur die loop van die verhoor teenwoordig te bly, kan die hof, indien oortuig onder eed of deur die relaas van die boodskapper dat sodanige persoon behoorlik gedagvaar is en dat sodanige persoon se redelike uitgawes, ooreenkomstig die tarief voorgeskryf kragtens artikel 51*bis* bereken, aan sodanige persoon betaal of aangebied is, 'n boete van hoogstens R300,00 aan sodanige persoon oplê en by gebreke aan betaling, gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

(b) Indien op privilegie ten opsigte van enige dokument of ding aanspraak gemaak word, word die party wat die getuiedagvaarding laat uitreik het binne vyf dae van ontvangs van die getuiedagvaarding ingelig van die aard van die privilegie waarop aanspraak gemaak word; en

(c) Sodanige persoon is geregtig daarop dat die dokument of ding ná insae of die maak van afskrifte of neem van foto's deur die partye, aan hom of haar terugbesorg word.

Gedateer te op hede die dag van 20.....

.....
Griffier

LYS VAN DOKUMENTE OF GOED WAT OORGELÊ MOET WORD

Datum	Beskrywing	Oorspronklike of afskrif
-------	------------	--------------------------

.....		
.....		
.....		
.....		

(Sien rugkant.)

[Druk op rugkant, paragrawe (a) en (b) van artikel 51(2) van die Wet]"